## Die Fondasie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan: dksmith1000@gmail.com**

**ACIM: Stad 29/4 en Kolping 17/4**
**Bejaardesorg: Larél — 071.493.07.10**
**Geskiedenis van die Bybel: Mei 2019**

**Boekgroep**
**Maandag: 6 Mei 2019**
ecs@telkomsa.net
**Marseille 15, Pinehurst**

➢ **registrasies.neospektrum@gmail.com**

**BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA**

Naam en Van ________________________________

E-Mail____________________________ Sel____________________

**ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE**

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**MAAK VIR ONS 'N MAANDELIKSE BYDRAE ASSEBLIEF**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vir elke bydrae sê ons*
***DANKIE!***

**SnapScan**
Download APP vir jou foon.

Installeer en gebruik met veiligheid.



# NEO-SPEKTRUM
## 14 APRIL 2019
## DIE STERWENSVERHAAL
## DIE VERHOOR

## STILTE IN DIE KAPEL

~ PIE JESU — GREGORIAN ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

"We are powerful beyond measure,
and so deeply vulnerable at the same time.
This may seem like a dichotomy, but it isn't.
We have misunderstood real power.
It has been something assertive, non-surrendering,
pushing on through. This is not real power.
This is simply wilfulness. Real power is something else —
receptivity, openness, the courage to keep your heart open
on the darkest of days, the strength to feel it all
even when the odds are stacked against you.
Real power is showing up with your heart on your sleeve
and absolutely refusing to waste one moment of your life
hidden behind edginess and armour.
The art of enheartened presence. Now that's power."

— Jeff Brown

## STILTE VAN BINNE

# ൿ AL DIE DISSIPELS HET WEGGEHARDLOOP ൿ

## 1. VOOR KAJAFAS — priesterhoofde, stamhoofde, skrifgeleerdes

Die priesterhoofde en die hele Joodse Raad het geprobeer om 'n aanklag teen Jesus te kry om Hom dood te maak, maar hulle het niks gekry nie. Baie mense het vals getuienis teen hom afgelê, maar die getuienis het nie ooreengestem nie. Sommige van hulle het na vore gekom en vals getuienis teen hom afgelê deur te sê: *"Ons het hom hoor sê: Ek sal hierdie tempel, wat deur mense gemaak is, vernietig en binne drie dae 'n ander een bou wat nie deur mense gemaak is nie."* Maar ook hieroor het hul getuienis nie ooreengestem nie. Toe het die hoëpriester in die Raad opgestaan en Jesus begin ondervra. *"Verweer jy jou glad nie?"* het hy gesê. *"Wat van die getuienis wat hierdie mense teen jou inbring?"* Die hoëpriester vra hom toe weer, *"Is jy die Messias (gesalfde), die seun van die Geseënde (God)?"* [Ek kan my voorstel dat daar enkele oomblikke se stilte was voor Jesus hom geantwoord en wat Jesus sê, is 'n aanhaling uit Psalm 110:1 ***"Ek is, en julle sal die seun van die mens sien sit aan die regterhand van die Krag ..."*** gevolg deur Daniël 7:13 ***"... en hy sal kom met die wolke van die hemel."***]

## 2. PETRUS SE VERLOËNING — die prys van toewyding en getrouheid

'n Rukkie later het dié wat daar by gestaan het, vir Petrus gesê: *"Werklik, jy is een van hulle, want jy is mos ook 'n Galileër."* Toe begin hy vloek, en hy sweer: *"Daardie man van wie julle praat, ken ek nie."* En onmiddellik het die haan 'n **tweede keer gekraai**. Dit het Petrus toe bygeval wat Jesus vir hom gesê het: *"Voordat die haan 'n tweede keer kraai, sal jy My drie keer verloën."* En hy het in trane uitgebars. [Matteus, Lukas, Johannes = net een keer kraai]

=============================================================

# ൿ BARABBAS (seun van die vader) versus JESUS ൿ

## 3. PILATUS — veroordeel Jesus deur hom onskuldig te bevind

Pilatus het weer vir hulle gevra: *"Wat wil julle dan hê moet ek met hom maak wat julle die koning van die Jode noem?" "Kruisig hom!"* skreeu hulle. *"Waarom? Wat se kwaad het hy gedoen?"* vra Pilatus hulle. Maar hulle skreeu nog harder: *"Kruisig hom!"* Omdat Pilatus die mense hulle sin wou gee, het hy Barabbas toe vir hulle losgelaat en Jesus laat gesel en Hom oorgelewer om gekruisig te word."

*"Dit is soos u sê: ek is 'n koning, ek moet oor die waarheid getuig. Hiervoor is ek gebore, en hieroor het ek na die wêreld gekom. Elkeen wat aan die waarheid behoort, luister na wat ek sê."* Pilatus sê toe vir hom, *"Wat is die waarheid?"* **

***— Markus 14:55-62, 70-72, 15:12-15 en **Johannes 18:37-38***



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ THE FOUR SEASONS (LARGO) — VIVALDI ~

---

## Herinnering en Seënbede

*Die Here waak oor die ritme van my lewe*
*... Hy het altyd tyd vir my.*
*Daarom ontbreek dit my nie aan tyd*
*om die lewe te vier nie.*
*Ek hoef nie angstig van een taak na die ander te jaag*
*sonder om ooit die voldoening van die voltooiing te proe nie.*
*Telkens weer skenk Hy my die geleentheid*
*om sorgeloos en ontspanne te geniet*
*van die goeie dinge*
*wat ek self nie verwerf het nie,*
*maar uit vrye guns ontvang het.*
*Ek voel nie bedreig deur my medemens nie —*
*hulle is nie my mededingers teen wie ek my*
*aansien en identiteit met prestasie*
*moet beskerm en handhaaf nie.*
*Al tref teenspoed en teleurstelling my,*
*weet ek nog: ek bestaan, ek lewe ...*
*en dis 'n wonderwerk —*
*In hierdie elementêre lewenswonder*
*sal ek my eindeloos verlustig.*

*— Japannese Gedig —*

---

# Be the Awareness of the Presence of God

~ AUTUMN LEAVES — ANDRÉ RIEU ~